# WRONG BIAS
## JBBC Newsletter

**NEWSLETTER / NUUSBRIEF - JEFFREYS BAY BOWLING CLUB**



DECEMBER 2022




It is almost unbelievable to say but, 2022 is drawing to a close and it is time to reflect on the past year. I am unable to describe how I feel about the end of this year. It was a busy year personally and it almost feels like it went by too fast while at the same time, feeling like it was a long year.

Ongeag hoe besig almal met hul eie persoonlike lewens was, is dit steeds verblydend om terug te kyk na die jaar en alles wat die klub vermag het en te besef hoeveel moeite en van hul tyd ons lede ingesit het om die Jeffreysbaai Rolbalklub te verbeter.

I want to take this opportunity to thank each and every member for their contributions this year, whether it was monetary or time volunteered. Without committed members that are willing to volunteer time and effort to organize events, we would not be able to have such a successful club.

Ek wens elkeen van u 'n geseënde Christusfees saam met u families toe. Vir diegene wat gaan reis gedurende die feesseisoen, wees veilig. My hoop is dat ons almal gesond en uitgerus bymekaar sal kom om die nuwe uitdagings wat 2023 gaan inhou, aan te pak en te oorkom.

Groete

Christo Coetzer


JEFFREYS BAY-BAAI BOWLS ROLBAL

**AAN DIE BESTUUR/EXCO/PERSONEEL**

Die laaste hoofstuk van die jaar! Mag die BLYE BOODSKAP elke bladsy vul en julle die grootste geskenk, JESUS, daagliks teen julle harte vasdruk en koester met oneindige DANKBAARHEID. Baie dankie vir die leiding en bestuur (en baie geduld) ten opsigte van ons lede. Dankie vir GENADE! Ons grootste bate bly die lede, maar sonder pragtige bane en goeie bestuur is niks moontlik nie.

Aan Wynand van Heerden en sy personeel 'n baie spesiale dankie: Soms kruip van die werkers agter die bosse weg of, dalk moet daar soms "inspeksie" gedoen word.





Daar is soveel mense om te bedank en om elkeen by die naam te noem is onmoontlik. Tos en Lettie wat altyd "kook", die kroegmanne, te veel om op te noem : DANKIE ! Niks of niemand gaan ongesiens verby nie.

(**Anneline Scheepers**: namens alle lede)

## CABARET

Vir die lede wat die "sirkus" misgeloop het, Elles Staas het 'n video opname; van die "cabaret" gemaak en 'n kopie is by hom beskikbaar. Dit was GROOT pret. Dankie aan Keith Wakelin en almal se deelname.
















We have different gifts, according to the grace given to each of us. If your gift is giving, then give generously, if it is to lead, do it diligently, if it is to show mercy, do it cheerfully

**NOMADS :** Ons was bevoorreg om deur middel van die fondse wat die afgelope jaar ingesamel is deur die

NOMADS, die kinderhuis in Hankey se kinders, asook personeel, te kon bederf met geskenkies. Dankie aan almal se bydrae om selfs daar 'n verskil in ander se lewens te kon maak.



**CAPTAINS DAY (PRYS-UITDELING) :** Baie geluk aan almal wat erkenning gekry het vir harde werk (of speel) tydens 2022. Die lys is oneindig lank, om name by te voeg, is 'n koerant op sy eie! Aan die res van ons lede wat nog nie iets ontvang het nie, 2023 is julle beurt.










"ONTDEKKINGSTOG": my beskywing vir die afgelope jaar se gebeure. Hoogte: of laagtepunte, ongeag watter een van die twee, 'n sin vir humor en kameraderie sal daar altyd wees. Ek het geleer dat 'n lid van die klub nie kan lees nie, "NO PARKING" beteken, Barry van Wyk, hier mag jy parkeer! Ons kan uit 'n stilstaande, nagemaakte "taxi" val, sonder moeite. "Uit die bus val" het nuwe betekenis gekry. Heloma ontvoer hasies! Aan die "cabaret "deelnemers; Hollywood is ons nie beskore, geen Oscar-toekennings by die klub nie. Patensie Sitrus-mense kan rolbal speel, hulle eie rëels natuurlik, en ek is van mening hulle oefen die afgelope tyd 'n "wrong bias" met lemoene. Wit broeke is 'n groot taboe indien jy 'n maag het wat effens "ongesteld" is.




'n "Full House" is meer werd as goud !



…. en een foto spreek boekdele, ons is uniek en behoort aan dieselfde klub.




LEKKER RUS EN WEES VEILIG !